# ARGIVALE KERNGROEPE OOR DIE GESKIEDENIS VAN DIE Z.A.R.*

*Ter inleiding*

In teenstelling met 'n besoek aan 'n biblioteek, ervaar die oningewyde navorser tydens 'n eerste besoek aan die argiefnavorsingslokaal heel dikwels 'n gevoel van verlorenheid.

Beide die argief en die biblioteek is bronne van inligting, maar hier hou die ooreenkoms op. Die verskille is diepgaande en lê in die tipe materiaal van elk en die bewerking van daardie materiaal. So byvoorbeeld is argiefmateriaal eenmalig in teenstelling met biblioteekmateriaal.

Ingevolge die Argiefwet van 1962 (Wet nr. 6 van 1962) soos gewysig, kan argivale bronne slegs in argiefbewaarplekke geraadpleeg word en dan ook slegs onder sekere voorwaardes. (Vir argiewe wat nog in staatskantore berus, is ander voorsiening gemaak.) Alle argiewe is nie toeganklik vir raadpleging nie en op datum is argiewe in die Republiek van Suid-Afrika slegs tot 1920 beskikbaar. Op 31 Desember 1972 sal die argiewe oopgestel word tot 1925.

'n Diepgaande verskil tussen argiefmateriaal en biblioteekgoed lê by die bewerking daarvan. Argiewe word geklassifiseer, georden en beskrywe volgens wetenskaplike *argivale* beginsels. In die algemeen kom ordening daarop neer om die argief te herstel tot sy oorspronklike orde, soos dit in die kantoor van oorsprong was.

Die eindproduk van 'n argief wat aldus bewerk is, bestaan uit 'n inleiding en inventaris op die argief. Die inleiding dien om die argief bekend te stel, is drieledig en bestaan uit 'n kort objektiewe administratiewe-historiese oorsig, die funksie van die betrokke kantoor en 'n bespreking van die argivale neerslag. Hierna volg die inventaris.

Dit is gewoonlik tydens 'n eerste besoek aan die navorsingslokaal van 'n argiefbewaarplek dat die oningewyde navorser met die inventaris kennis maak. Die inventaris is sy wegwyser na die dokumente wat benodig word.

Voordat die inventaris gebruik kan word, moet die navorser die toepaslike argief op sy onderwerp isoleer. In hierdie opsig is die *Lys van Vindmiddels in Argiefbewaarplekke* (Junie, 1969) onontbeerlik. Gestel 'n navorser wil navorsing doen oor die een of ander aspek van die Anglo-Boere-oorlog, dan moet die kernargiewe in die eerste plek bepaal word. Die vernaamste kernargiewe in hierdie verband sal dus wees die argief van die Uitvoerende Raad, die argief van die Kommandant-Generaal (die eweknie van die hedendaagse departement van Verdediging) en die Dr. W. J. Leyds-argief. 'n Ander voorbeeld is 'n navorser wat navorsing wil doen oor die een of ander aspek van onderwys in die Z.A.R. Die kernargiewe in hierdie verband sal wees die argiewe van

---

* Feitelike inligting ontleen aan die verskillende inventarisse in die Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria.

die Eerste Volksraad, Uitvoerende Raad, Superintendent van Onderwys en die Staatsekretaris.

Nadat die kernargiewe aldus bepaal is, word die inventarisse van die verskillende argiewe geraadpleeg. Die inventaris weerspieël nie indiwiduele dokumente nie, *maar die verskillende reekse waaruit die argief bestaan.* Die omvattende inhoud van die bande binne die verskillende reekse, word wel aangetoon asook die tydperk wat elke band dek. Om die relevante reeks te bepaal en die bande dokumente wat inligtingswaardig vir die navorsing sal wees, vereis in 'n sekere mate speursin of intuïtiewe aanvoeling van die navorser.

Dit was die gebruik van die amptenare in die Republikeinse staatsdepartemente om inkomende stukke (en later ook die uitgaande stukke) in 'n lêer te plaas en dan dié lêer numeries in 'n register aan te teken, met vermelding van die lêernommer, datum en skrywer van die brief, aan wie die brief gerig was, tesame met 'n baie kort opsomming van die brief. Voorts is daar ook in sommige gevalle indekse op hierdie numeriese registers opgestel. Die vereiste is dus eerstens om dié vindmiddels (registers en indekse) in die inventaris te vind en aan te vra.

Die numeriese registers word dan stelselmatig nagegaan om die briewe of lêers te lokaliseer waarin die navorser belang mag hê. Hierdie is 'n langdurige en tydrowende proses en daar is geen kortpad behalwe in gevalle waar daar indekse op sodanige registers beskikbaar is nie. In die merendeel gevalle, is die indekse egter nie altyd so noukeurig bygehou nie.

Nadat die lêer van belang uitgesonder is, word die nommer daarvan aangeteken. Met behulp van die inventaris word die bandnommer waarin die lêer geberg is, vasgestel. Hierdie band dokumente word dan vir raadpleging aangevra.

*Kerngroepe by navorsing*

*Amptelike publikasies van die Z.A.R.*

Alhoewel die amptelike publikasies nie 'n argief is nie, vorm dit 'n baie belankrike bron. Oor die algemeen is dit van indekse voorsien wat naslaanwerk vergemaklik en in sommige gevalle vereenvoudig.

Die *Staatscourant der Z.A. Republiek* dek die tydperk Oktober 1857 tot Augustus 1900 en vir die jare 1857-1890 is indekse daarop beskikbaar. Raadpleging van die *Staatscourant* vir die tydperk 1891-1900 is moeilik vanweë die afwesigheid van indekse. Die bestaande indekse is egter nie baie doeltreffend wat betref die keuse van die hoofonderwerpswoord nie en dit bemoeilik raadpleging. Die *Staatscourant* is by uitstek 'n informatiewe bron en bevat inligting oor allerlei onderwerpe soos aanstellings, akte van ooreenkomste, bekendmaking van wette, proklamasies, regulasies, regeringskennisgewings, ens. om maar enkele voorbeelde te noem. Die Volksraadnotule is tot 1883 in die *Staatscourant* gepubliseer. Die *Staatscourant* vir die tydperk Aug.-Sept. 1900 is te vinde in die Leyds-argief (vol. 734).

Die Volksraadnotule vir die jare 1857-1883 is as 'n byvoegsel in die *Staatscourant* gepubliseer. Vanaf 1884-1899 is dit as 'n afsonderlike regeringspublikasie uitgegee. In hierdie verband moet egter die uitstekende bronnepublikasie van die S.A. Argiefdiens vermeld word. Die Volksraadnotule vir die jare 1844-1868 is gepubliseer in die reeks *S.A. Argiefstukke, Transvaal* met titel *Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby)* en sewe boekdele het tot op datum verskyn. Veral handig is die feit dat die bylae saam in dieselfde band as die notule gepubliseer is en ook dat hierdie bronnepublikasies vergesel is van uitstekende registers om vinnige naslaanwerk te vergemaklik.

*De Locale Wetten en Volksraadsbesluiten der Zuid-Afr. Republiek benevens de Proclamaties van ZHEd. den Staatspresident en de belangrijke Gouvernements-kennisgevingen* bevat alle wette vir die tydperk 1849-1899 benewens belangrike Volksraad- en Uitvoerende Raadsbesluite asook regeringskennisgewings. Die indekse hierop is baie doeltreffend.

Die besluite van die Uitvoerende Raad vir die tydperk 1886-1899 is gedurende die jare 1903-1907 deur die Transvaalse regering vertaal en in Engels gepubliseer onder die titel *Translations of the Resolutions of the Executive Council of the late South African Republic.* Hierdie vertaalde Uitvoerende Raadsbesluite is van indekse vergesel.

Die Groenboeke behels o.m. die amptelike jaarlikse verslae van die verskillende staatsdepartemente van die Z.A.R. en verskaf 'n oorsigtelike beeld van die vordering wat die land in 'n bepaalde jaar gemaak het. Daar bestaan jaarverslae van die volgende departemente: Registrateur van Aktes, Registrateur van Maatskappye, Kommandant-Generaal, Landmeter-Generaal, Mynwese, Superintendent van Onderwys, Kommissaris van Polisie en Hoof van Gevangenisse, Posmeester-Generaal, Publieke Werke, Hooggeregshof, Regeringskommissaris van Spoorweë, Volksgesondheid, ens. Ander onderwerpe wat die Groenboeke dek en wat interessantheidshalwe genoem kan word, is: traktate, konsessies, ooreenkomste, finansiële aangeleenthede, kommissies, ens.

Die *Staats-Almanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek* het vir die jare 1892-1899 verskyn. Dié publikasie kan beskrywe word as 'n algemene gids oor die Z.A.R. en is 'n beknopte en informatiewe bron, volledig met indekse en al. Die volgende dien as voorbeeld van die tipe inligting wat daarin voorkom: lyste van volksraadslede en amptenare, regering en Uitvoerende Raad, hoofamptenare en hoofde van departemente en hul salarisse; lyste van onderwysers, onderwyseresse en geneeshere; bevolkingstatistiek; feesdae; lyste van maatskappye, ens. Verder word die geskiedenis en statistiek van die verskillende distrikte baie oorsigtelik in die *Staats-Almanak* behandel.

*Argief van die sekretaris van die Eerste Volksraad, 1838-1900*

Die Volksraad was die hoogste gesag in die Z.A.R. en die wetgewende liggaam. Alle ander magte — sowel die uitvoerende as die regterlike mag — was daaraan ondergeskik. Op 23 Junie 1890 is daar

egter wetlike voorsiening gemaak vir die verdeling van die volksraad in die sogenaamde Eerste en Tweede Volksraad. Die argief van die Eerste Volksraad bestaan o.m. uit die reekse notule, kladnotule, inkomende stukke, uitgaande stukke, registers, ens.

*Argief van die sekretaris van die Tweede Volksraad, 1891-1900*

Die Tweede Volksraad kon wette maak met betrekking tot mynwese, poswese, telegraafwese, patente, kopiereg, houtbosse en soutpanne, bestryding van siektes, maatskappye, insolvensie, die siviele en kriminele prosedure, ens. Die argief bestaan hoofsaaklik uit die notule, inkomende en uitgaande stukke en die inligting daarin is beperk tot voorgemelde onderwerpe.

*Argief van die klerk van die Uitvoerende Raad, 1857-1902*

Die staatspresident en by name die Uitvoerende Raad, was belas met die uitvoerende mag, t.w. die *reëling van die landsbestuur.* Dit omvat die uitvoering van wette of besluite van die twee volksrade, die afkondiging in die *Staatcourant* van wetsontwerpe, gepasseerde wette en volksraadsbesluite; die voorstelling of wysiging van nuwe of bestaande wette; die tydige byeenroeping van die volksrade; die tref van reëlings vir verkiesings, ens. Gemelde funksies van die Uitvoerende Raad word weerspieël in die argivale neerslag wat hoofsaaklik bestaan uit besluite, inkomende en uitgaande stukke, registers en indekse.

*Argief van die Staatsekeretaris, 1829-1900*

In die beginjare was die funksies van hierdie kantoor nie duidelik afgebaken nie. Die kantoor van die Staatsekretaris was belas met die algemene landsadministrasie en uit hierdie kantoor het die later selfstandige departemente ontwikkel, bv. in 1877, die departement Kommandant-Generaal en Superintendent van Naturellen, in 1887, die departement Publieke Werke, ens. Die vroeëre dokumentasie van die meeste departemente berus gevolglik in die argief van die Staatsekretaris.

Die kantoor van die Staatsekretaris was die instrument waardeur die Uitvoerende Raad sy uitvoerende pligte vervul het en gevolglik word die diversiteit van hierdie aktiwiteite in die dokumentasie weerspieël.

In 1894 word die kantoor van die Staatsekretaris onderskeidelik in die afdelings Binnelandse en Buitelandse Sake geskei. Gevolglik vorm die argief van die Staatsekretaris, afdeling Buitelandse Sake, vanaf 1894 'n aparte argief. In 1899 word nog 'n aparte kantoor geskep, t.w. die afdeling Kabinet. Die dokumentasie van laasgenoemde berus in die Dr. W. J. Leyds-argief.

Beide argiewe van die Staatsekretaris bestaan uit die gebruiklike inkomende en uitgaande stukke, brieweboeke, registers, indekse, ens. Vermeldingswaardig is die Engelse onderwerpindekse wat vanaf 1903-1913 opgestel is en wat betrekking het op die inkomende stukke van die afdeling Binnelandse Sake, maar ongelukkig is hierdie indekse nie baie volledig nie.

Ontbrekende lêers van die argiewe van die Staatsekretaris, kan in die merendeel gevalle, met behulp van kontroleboeke opgespoor word. In sommige gevalle is die lêers egter in die dokumentasie van ander departemente opgeneem, terwyl ander weer in die Leyds-argief berus.

Die argief van die Staatsekretaris afdeling Binnelandse Sake, strek oor die tydperk 1829-1900. Stukke daterende uit die Voortrekkertydperk en wordingsjare, is in die vorige eeu reeds by hierdie argief ingelyf. In 1937 en 1949 is hierdie dokumente onderskeidelik gepubliseer onder die titels *Voortrekker-Argiefstukke, 1829-1849* en *Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853*. Hierdie twee publikasies van die S.A. Argiefdiens is van uitstekende registers voorsien en maak raadpleging van die oorspronklike dokumente oor die algemeen onnodig.

*Dr. W. J. Leyds-argief*

Die Dr. W. J. Leyds-argief kan miskien ten beste getipeer word as 'n halfamptelike argief. Dit is 'n skenking wat deur dr. Leyds in 1930 aan die Unieregering gemaak is. Dr. Leyds was in lewe staatsprokureur, staatsekretaris en gesant van die Z.A.R. in Europa. Die Dr. W. J. Leyds-argief is seker een van die interessantste en omvattendste argiewe in die Transvaalse Argiefbewaarplek. Hierdie argief het sy ontstaan in die eerste plek te danke aan die gesantskap van die Z.A.R. in Europa en in die tweede plaas aan 'n Geheime Uitvoerende Raadsbesluit van 24 Julie 1900.

Veral die afdeling Stukke uit Regeringsdepartemente van die Z.A.R., is van belang. Hieronder is 'n deel van die argief van die Staatsekretaris, t.w. die afdeling Kabinet. Hierdie dokumente is in Mei 1900 saam met ander konfidensiële stukke van die Z.A.R. deur die republikeinse regering uit Pretoria verwyder voor die aanrukkende Britse troepe. Die dokumente is in 'n aantal kiste verpak en via Lourenco Marques aan dr. Leyds in Europa gestuur. Ongelukkig het slegs 'n deel van die dokumente hulle bestemming in veiligheid bereik. Vir sover die argief van die Staatsekretaris, afdeling Kabinet tans nog bestaan, is dit in geheel in die Dr. W. J. Leyds-argief te vinde.

In die Dr. W. J. Leyds-argief is daar voorts nog lêers uit die argief van die Staatsekretaris, afdeling Binnelandse en Buitelandse Sake, gedeeltes van die argief van die sekretaris van die Eerste Volksraad, gedeeltes van die argief van die klerk van die Uitvoerende Raad en gedeeltes van die argiewe van die Staatsprokureur en Superintendent van Onderwys.

Voorts is daar in die Leyds-argief die sogenaamde Oorlogsargief. Die stukke van hierdie afdeling het betrekking op die tydperk 1899-1902. Die grootste afdeling van hierdie oorlogstukke bestaan uit oorlogstelegramme wat die offisiere te velde met mekaar gewissel het en deur die regering van die Z.A.R. byeengebring is en op bevel van genl. Louis Botha na Lourenco Marques gestuur is en vandaar weer na dr. Leyds. So byvoorbeeld kan die oorlogstelegramme wat in die argief van die Kommandant-Generaal vir die tydperk Okt. 1899 tot Sept. 1900 ontbreek weer in die Leyds-argief teruggevind word.

Die Dr. W. J. Leyds-argief bevat ook o.m. nog die verskillende gesantskapargiewe, konsulaatargiewe en die dokumentasie van die Perskantoor van die Algemeen Nederlands Verbond.

*Argief van die Kommandant-Generaal, 1877-1902*

Die Kommandant-Generaal moes sorg vir die openbare veiligheid van die land en het die burgermag en artilleriekorpse onder sy beheer gehad, en wanneer op kommando, ook die vrywilligerskorpse. In hierdie argief word gevolglik dokumente rakende verdedigingsaangeleenthede gevind wat die tydperk April 1877-1902 omvat. Dokumente betreffende verdedigingsaangeleenthede vóór 1877 (d.w.s. voor die totstandkoming van die departement), berus in die argief van die Staatsekretaris.

Die argief van die Kommandant-Generaal is nie volledig nie. Dokumente in verband met die Eerste Vryheidsoorlog het tereggekom in die argief van die Boere-voormanne en in die P. J. Joubert-versameling. So byvoorbeeld is daar ook dokumente van die Anglo-Boere-oorlog (veral oorlogstelegramme) wat in die Dr. Leyds-argief berus. Die argief van die Hollanderkorps vorm ook 'n aparte argief.

Die argief van die Kommandant-Generaal bestaan uit die gewone inkomende en uitgaande stukke, registers, ens. asmede afdelings oor ekspedisies teen Bantoe-opperhoofde, die Jameson-inval, Anglo-Boere-oorlog en Staatsartillerie.

*Argief van die Superintendent van Onderwys, 1866-1900*

Die Superintendent van Onderwys was aan die roer van onderwyssake in die Z.A.R. Die dokumentneerslag van die departement bevat gevolglik inligting oor onderwysaangeleenthede vir die tydperk 1866-1900. Inligting voordat dit 'n selfstandige departement geword het, word in die argief van die Staatsekretaris teruggevind. Die argief van die Superintendent van Onderwys bestaan uit inkomende en uitgaande stukke, registers, ens. asook afdelings in verband met Plaaslike Skoolkommissies, Staatskole (bv. Staatsgimnasiumskool en Staatsmodelskool), Dorp- en Wykskole en die Raad van Eksaminatoren. Konfidensiële korrespondensie, brieweboeke, ens. vir die tydperk 1891-1900 is egter in die Leyds-argief aanwesig.

Voortvloeiende uit die Superintendent van Onderwys se voorsitterskap op die besture van die staatsmuseum en staatsbiblioteek, vind 'n mens die dokumenteneerslag van hierdie liggame in die argief van die Superintendent van Onderwys, t.w. dokumente oor die staatsbiblioteek vir die tydperk 1888-1894 en die staatsmuseum vir die tydperk 1893-1895.

*Republikeinse landdrosargiewe*

Die verskillende republikeinse landdrosargiewe, is 'n onontbeerlike bron oor baie aspekte van die geskiedenis van die Z.A.R. en omvat uiteenlopende onderwerpe soos die werksaamhede van die landdros, vrederegter, griffier, polisie, veldkornet en selfs die posmeester in sommige gevalle. Hierdie omvattende dokumenteneerslag spruit voort uit die feit dat die landdros die regering in 'n bepaalde distrik verteenwoordig het.

Daarom vind 'n mens in hierdie amptenaar se dokumentasie, ook inligting betreffende gesondheidskomitees, skoolkommissies, dranklisensiekommissies. Selfs burgerlyste, huweliksdokumente, boedeldokumente, hofstukke en stukke oor plase, erwe en naturellesake is aanwesig.

Daar bestaan argiewe van die navolgende landdrosdistrikte —
Barberton en delwerye (insluitende Kaapsche Hoop, Jamestown, Eureka City, Steynsdorp en Komatipoort), 1871-1900.
Bethal, 1897-1900.
Bloemhof (insluitende Christiana, Schweizer-Reneke, Niekerksrust en Grootpan), 1864-1901.
Boksburg-delwery, 1888-1901.
Carolina (insluitende Waterval-Boven), 1898-1900.
Ermelo, 1882-1901.
Heidelberg (insluitende Vereeniging en Nigel), 1859-1900 en Roodepoortdelwery (insluitende Greylingstad), 1889-1900.
Johannesburg, 1886-1900.
Klerksdorp-delwery, 1887-1900.
Lichtenburg, 1873-1900.
Lydenburg-delwery (insluitende Mac-Mac, Pelgrimsrust, Komati en Machadodorp), 1873-1900.
Lydenburgdistrik (insluitende Belfast en Kaapsche Hoop), 1850-1900.
Marico (insluitende Zeerust, Malmani-delwery en Ottoshoop), 1864-1901.
Middelburg, 1867-1900.
Piet Retief, 1884-1900.
Potchefstroom, 1852-1900.
Pretoria, 1857-1901.
Rustenburg, 1873-1898.
Standerton, 1880-1900.
Utrecht (insluitende Newscastlesdrift en De Jagersdrift), 1858-1900.
Vryheid, 1883-1901.
Wakkerstroom (insluitende Amersfoort), 1856-1900.
Waterberg (insluitende Pietpotgietersrust en Welgevonden-delwery), 1861-1901.
Wolmaransstad, 1897-1900.
Zoutpansbergdistrik (insluitende Pietersburg, Haenertsburg, Marabastad, Rhenosterpoort, Spelonken, Smitsdorp, Selati-goudveld, Leydsdorp en Agatha), 1864-1901.

*Enkele ander argiewe*

*Die argief van die Boere-voormanne, 1877-1881*

Die Z.A.R. het in die tydperk 12 April 1877 tot 8 Augustus 1881 nie bestaan nie. Dit was die tydperk van die Engelse Tussenregering in Transvaal. Die argief van die Boere-voormanne is gevolglik 'n halfamptelike argief, aangesien dit ontstaan het uit die Boere-voormanne se stryd om die land se onafhanklikheid terug te win. Die argief bestaan onder meer uit stukke van die Tweede Deputasie na Engeland, Eerste Vryheidsoorlog en is aanvullend by die argief van die Kommandant-Generaal.

*Die argief van die Superintendent van Naturellen, 1877-1900*

Hierdie argief bevat inligting oor naturelle-aangeleenthede in die Z.A.R. Dokumente voor 1877, toe daar nog nie 'n selfstandige departement van Naturellesake was nie, word teruggevind in die argief van die Staatsekretaris. In die P. J. Joubert-versameling is daar ook van dié departement se amptelike dokumentasie aanwesig.

*Die argief van die Staatsprokureur, 1866-1900*

Hierdie argief bevat inligting oor die speurpolisie, polisie en gevangeniswese en hofpapiere. Hier vind 'n mens byvoorbeeld ook besonderhede oor die verhoor van die Reformers.

*Die argief van die Publieke Werke Departement, 1887-1900*

Hierdie argief bevat inligting oor alle bouwerk bv. geboue, paaie en brûe. Dokumente voor 1887 toe daar nog nie 'n selfstandige departement bestaan het nie, kan in die argief van die Staatsekretaris teruggevind word.

*Vroeëre nedersettings en republieke in Transvaal*

Die beskikbare argiewe verteenwoordig die volgende nedersettings en republieke — Soutpansberg, 1849-1852, Utrecht, 1852-1858, Lydenburg, 1856-1860, Land Goosen, 1881-1885, Stellaland, 1882-1885, Nieuwe Republiek, 1884-1888 en Klein-Vrijstaat, 1886-1891.

Mej. M. H. Buys.